Gestig 1992

Die Wes-Kaapse Veteraan-trekker-en-enjinklub

September 2022 Nuusbrief No. 92



James Williams, versamelaar van Oudtshoorn



James maak nie net bymekaar nie; hy restoureer ook tot in die fynste besonderhede. En verder het die geskiedenis van ’n besondere item ook vir hom betekenis.

Klublede wat die afgelope Villiersdorp-skoue bygewoon het, en seker gemaak het dat hulle by die erfgoedsaal inloer, sou kennis geneem het van James se versamelings. Eers was dit die volledige reeks koffiemeultjies (2015), toe die appelskillertjies (2019 en vanjaar die interessante versameling skale. En in 2017 was dit sy Lister enjin waarmee hy saam met Frikkie Carstens van Piket die Enjin van die Skou gedeel het. Dus, ons praat van die gehalte van sy restoureerwerk; nie net van die omvang van sy versamelings nie.

Maar vra jy vir James na sy versamelings, sal hy vir jou sê dat hy wonder of hy nie maar gewoon ’n opgaarder genoem kan word nie, want hy kan maar nie ’n ou ding — gereedskap, plaasimplemente en stilstaande enjins laat staan as hy dit sien nie. Vier van sy sestien enjins is gerestoureer, een daarvan “oor die telefoon” met Derick Kleynhans se hulp. James sê sy (gaste-) huis op Oudtshoorn lyk nou al na ’n museum. Gelukkige gaste, as dit “ons soort mens” is!

Onder die uitsonderlike items in sy versameling is die armskaal wat vanjaar voor die erfgoedsaal uitgestal is. Die skaal is groot, swaar en manshoogte, maar so sensitief dat as dit reg opgestel is, akkuraat genoeg dat dit deur ’n dosie vuurhoutjies geroer word. Verder is sy Walter Thomas voerkerwer, aangedryf deur ’n perderat van die min van hierdie implemente wat in werkende toestand in Suid-Afrika oorgebly het. En daardie perderat en voerkerwer is nie net sommerso nie, dis oorspronklik in Reading, Engeland vir ’n handelaar in Oudtshoorn, Walter Thomas, gemaak om tydens die “vereboom” van meer as ’n eeu gelede aan die ryk volstruisboere se modegiere te voldoen.

James in by Tukkies as natuurbewaarder opgelei en het 17 jaar in daardie veld by die destydse Transvaal Natuurbewaring gewerk. Deesdae is hy byeboer in Oudtshoorn, maar in sy vrye tyd is hy ’n gewaardeerde (landbou-) kultuurbewaarder en komplementeer hy ons klub met sy gehalte werk.

Briefie aan die lede van die Wes-Kaapse Veteraan-trekker-en-Enjinklub

Liewe Vriende,
ek gebruik hierdie benaming omdat ek julle almal as vriende beskou.

Vir die afgelope 22 jaar was ek die sekretaris van die klub, en die vyf jaar daar voor reeds betrokke terwyl Christie Maree van Ceres die voorsitter was. Vir die volgende paar jaar so lank soos dit my gegun word, sal ek nog hierdie nuusbriefie maak. Ek verwelkom dit.

Nou, partykeer was my taak regtig harde, sleurwerk, want om ’n paar honderd nuusbriefies te druk, te kram, te vou en te adresseer (nadat ek dit geskryf het) is donkiewerk. En vóór en tydens ’n skou moet die sekretaris (én sy medewerkers!) spring, maar in die geheel was my betrokkenheid net een groot vreugde. Om die pad saam met julle te gestap het, was baie, baie aangenaam.

Die Trekkerklub, soos ons meestal sê, het ’n klomp mense aan my bekendgestel wat ek nooit sou geken het nie, en daardie mense het al baie beteken vir my en my vrou, Mariet. Ons het met baie besondere mense bevriend geraak. Wanneer ’n mens aftree (soos ons na jare in die onderwys), raak jou leefwêreld kleiner, maar deur my betrokkenheid het ons twee se leefwêreld groter en wyer geraak. Ek wil my dus nie ’n lewe sonder die trekkerklub en julle mense voorstel nie. Die trekkerklub het vir my baie sin in my bestaan gegee — ’n vervulde lewe.

Deur my werk was ek natuurlik ook by Savtek, betrokke. Wat my ook baie plesier verskaf het, was om te sien watter rol ons klub op nasionale vlak kon speel, en dit was net omdat ons lede, presteerders en beoordelaars vir die Wes-Kaap soveel aansien verskaf het.

Oor die jare het ek verskeie hoogtepunte beleef. Baie daarvan was om ’n nasionale skou saam met ons presteerders en beoordelaars by te woon. Maar dis nie net nasionale skoue en “presteerders” wat vir hoogtepunte gesorg het nie; al daardie lede wat soveel opoffer en koste aangaan om ’n skou, waar dit ook al in die Wes-Kaap gehou is, te kan aanbied, het my oneindig dankbaar en trots gemaak. Dit was elke keer ’n hoogtepunt om ons lede by ’n skou te sien aankom om uiteindelik ’n indrukwekkende uitstalling saam te stel. En dan was daar die oesdae. Dis gewoonlik baie werk vir min organiseerders, maar elke keer ’n FEES.




By die jaarvergadering by die Villiersdorp-skou het Voorsitter Uys aangekondig dat ek erelidmaatskap van die klub ontvang. Ek was oorbluf, want dit was heeltemal onverwags. Ek is bevoorreg en begenadig om so ’n eerbetoon te mag ontvang. Baie dankie, Voorsitter en komitee!

Mag die klub op sy ingeslane weg as bewaringsliggaam verder groei en nog baie plesier aan sy lede verskaf.

Julle mense het my geïnspireer om my bes te doen. *Hennie Richter*

ONS SKOUPRESTEERDERS



Francois van Rooyen by sy Enjin van die Skou.

Bertie en Le Roux du Toit by hul klaswenner.

Baie dankie vir jul inligting aan die besoeker!

Dis respek!









John Deere 60 — Gielie en Kobus Groenewald by die Trekker van die Skou.

Massey-Ferguson 168 — Philip Simpson op sy klaswenner.

Trekker is sy pa s'n, maar die **ploeg** het **Dihan Giliomee (13)** twee jaar gelede self ge-restoureer. (wen sen. en junior)

Tel by hierdie ry nog drie kruiptrekkers ook.



Die **HERMAN NEETHLING-TROFEE VIR DIE BESTE BYDRAE TOT DIE SKOU** is vanjaar nie aan 'n individu toegeken nie, maar aan 'n klub — **Olifantsrivier**. Hoekom? Van Clanwilliam af het hulle met drie lorries met sleepwaens (10 trek-kers en een van die grootste stilstaande enjins in die Wes-Kaap) op 'n heen-en-weer rit van 500 km gekom om 'n gróót bydrae te maak.

INTERESSANTE SKOU-INSKRYWINGS



Johnnie Verreynne van Montagu het ’n paar trekkers waarvan die 99 jaar oue Fordson en hierdie David Brown 50 seker van die mees uitsonderlike versamelstukke in die land is.
Hy het beide skou toe gebring.
Volgens Johnnie se inligting is baie min van hierdie modelle van Engeland af ingevoer. En van dié paar is sommige al weer uitgevoer. Maar gelukkig vir Suid-Afrika versamel Johnnie eerder trekkers as geld...



Van links: Hannes Basson (met sy Gibson, van B-Wes), en die broers Johan (George) en Gerhard Lategan (Oudtshoorn) het baie ver gekom om die skou met hul besondere trekkertjies te komplementeer.
Die meubelwa was die woning toe die Farmalltjies eers uitgelaai is.



Van die baie mooi erfgoeduitstallings vanjaar was hierdie versameling skale van James Williams van Oudtshoorn ’n eerste vir die skou.

Aan James se regterkant staan XXXXX Holliday, nuwe voorsitter van die Suid-Kaapse klub.

In Savtek se volgende nuusbrief verskyn ’n artikel oor hierdie versamelaar. Hou dop.



MARKET GARDEN EQUIPMENT
oftewel MARKTUINGEREEDSKAP

Marius Krige van Worcester het hierdie Bolens Ride Master baie erg verwaarloos op ’n plaaswerf raakgeloop en nuwe lewe gegee.

Dis naastenby 60 jaar gelede in Ohio, VSA gemaak. Hierdie een het net ’n skraperlem vir ligte werk en sneeu, maar oorspronklik het dié soort trekkertjie tientalle implemente gehad.

gaan kyk na ’n werkende Bolens https://youtu.be/wXikNBTN2VY

NUUSBROKKIES - NUUSBROKKIES

Dat die W.P.-klub op trekkers op gruispad deur die Tanqua-Karoo van Ceres af na Calvinia se Vleisfees gery het, is sekerlik nie nuus nie; hulle doen dit al vir 23 jaar. Wat nuus is, is dat hierdie John Deere M van Hannes Rheeder dit vanjaar vir die 20 ste keer afgelê het. Vanjaar se bestuurder: Janice Rheeder, Wes-Kaap se tesourier. 'n M-pie met 6000 km op die klok.





Sameroeper Tafelberg
'n Paar jaar gelede het die Tafelberg-klub die verantwoordelikheid vir die Erfgoed-projek van die Wes-Kaap aanvaar. Ná die Covid-stilte was vanjaar hul eerste skou.
Hulle het die vuurdoop met vlieënde vaandels geslaag.

Suid-Kaap woel by George se skou.

Die Suid-Kapenaars se betrokkenheid by die George-landbouskou beloof baie goed vir 2023 se Wes-Kaapse skou. Die mate van belangstelling wat die "trekkerskou" gaande gemaak het, was baie goeie reklame vir 2023. Ook die organisasie het goeie indruk gemaak.

Daar is ernstig tougetrek en aan 'n Verstappen-resies deelgeneem. Ruaan Terblanche moes selfs op sy Vaaljapie die kuipe aandoen vir bande omruil. En hulle het geploeg — nie tot die biesies bewe nie, maar tot die brandstof oopgeraak het.

Kinders is ook baie doeltreffend betrek.




John Deere was die tema van die uitstalling: van baie groot tot grassnyer tot modelletjie. Selfs 'n 730 wat 'n 720 uit die deurslag kon trek, en byvoorbeeld nie 'n Ferguson nie, was onbeplan deel van die tema.



Massey-Ferguson 175

(Dis nie die 175 nie, dis die verjaardag...)



Die eerste Massey-Harris wat deur die firma self ontwerp en gebou is, was die 4X4 GP van 1930. Die Pacemaker vroeër op die mark was eintlik 'n Wallis.



Die Massey-Harris 21 (1941 op die mark) was die wêreld se eerste kommersieel suksesvolle selfloper stroper.



Dis 'n 44C, eintlik net 'n Massey-Harris enjin op 'n Cletrac onderstel. Dis die proto-tipe van 'n eksperiment wat later onttrek is. M-F het nog nooit 'n kruiper gehad nie; 'n herdoopte Landini, ja.

Daniel Massey moes militêre diens doen toe sy seun en naamgenoot op 13-jarige ouderdom hul plaas moes bestuur. Die belofte wat dié jong knaap getoon het, het werklikheid geword toe Daniel Junior se firma in 1847 gestig is. En dis van dié datum af tot vanjaar wat M-F by 175 jaar bring. Beide Massey en Harris was briljante mense wat presteer het in die tyd toe die ou republieke Transvaal en die Vrystaat destyds gestig is.


Eers was dit die Kanadese firmas van Daniel Massey en Alamon Harris wat na jare se bittere konkurrensie in 1891 saamgesmelt het om die grootste landbougereedskapvervaardiger in die Britse Ryk te word, en so 60 jaar later koop Massey-Harris die korrelkop Harry Ferguson van Ierland se trekkerbedryf en vorm Massey-Harris-Ferguson in 1953, nou van die grootste landboufabrikante ter wêreld.

Aanvanklik het die verskillende produkte en die handelaarsnetwerke afsonderlik voortbestaan — Massey-Harris net so en Ferguson ook, maar dit het eintlik chaos veroorsaak, veral in die VSA. Mens kan amper sê dat Massey en Harris voor samesmelting met mekaar gekompeteer het, maar jare later, ná samesmelting met Ferguson, het die nuwe firma sommer met homself gekompeteer. Die oplossing was toe om die fabrikaatnaam Massey-Ferguson te skep en modelname te verander. Die heel eerste Massey-Ferguson van die ontwerp-stadium af was die M-F 65 wat in 1957 op die mark was.

As in gedagte gehou word hoeveel firmas wat trekkers en landboumasjinerie vervaardig (het) in die afgelope 175 jaar gekom en gegaan het, verteenwoordig M-F se mylpaal 'n baie groot prestasie. "You can't keep a good man down."

Wat weet ons alles van daardie

gloeikopenjin?




Vir die meeste Suid-Afrikaners wat in ou trekkers geïnteresseerd is, is ’n gloeikopenjin daardie eensilinder tweeslag snaaksigheid in ’n Lanz, en wat nogal ’n tydjie vat om aan die gang te kom. Ons behoort méér te weet as dit. Die Beijers (1936 in Swede vervaardig; op foto 2 op p. 8 in hierdie nuusbrief) het mos die nuuskierigheid geprikkel.

Die eerste prototipe gloeikopenjin is in 1886 in Engeland vervaardig, dieselfde jaar wat goud aan die Witwatersrand ontdek is. Vyf jaar later het volskaalse produksie van die Hornsby-Akroyd enjins gevolg. Daardie was ‘n vierslagenjin.


Die gewildheid en gebruik van dié tipe enjin het sy hoogtepunt so 120 tot 100 jaar gelede gehad. Dit was naastenby dieselfde tyd toe die gebruik van elektrisiteit geweldig toegeneem het en baie gloeikopenjins kragopwekkers aangedryf het.

Dit neem weliswaar ’n tydjie om ’n gloeikopenjin aan die gang te kry, maar die warmmakery was ten minste ’n seker manier. ’n Gloeikop kon ook ure en ure aaneen werk, sodat die aanskakeltyd persentaiegewys eintlik kort is. In die erge koue van veral Noord-Europa is gewone binnebrandenjins in daardie dae in die winter baie moeilik aangeskakel. So gewild was gloeikopenjins tot die 1930-s in Skandinawië dat daar in Swede met sy groot staalreserwes ’n stuk of 70 fabrikante, een daarvan Bolinder, van dié tipe enjin was en is dit gebruik om klein vissersbote, kragopwekkers en waterpompe aan te dryf. Die meeste gloeikopenjins was tweesilinder, tweeslag, en baie stadig, tussen 50 en 300 omwentelinge per minuut, maar altyd ’n doeltreffende kragbron.

Een of ander grapmaker het die gloeikopenjin beskryf as die “missing link” tussen die heel eerste binnebrandenjins en die hedendaagse weergawe.



Dr. Fritz Huber, die skepper van die legendariese Lanz-reeks trekkers, is deur Heinrich Lanz aangestel om ’n “onbreekbare” trekker met ’n ewe “onbreekbare” enjin te ontwerp. Hy het dit reggekry en in 1921 was die eerste Bulldog op die mark.



DIE EERC-FAKTOR OP DIE SKOU









Om EERC-deelnemers te werf en tot by die kompetisie(s), plaaslik of nasionaal, te ondersteun, is een ding, maar om ná die kompetisie daardie deelnemers se voortgesette deelname by jou klub as versamelaars en restoureerders te behou en hulle as lede in te skryf, is die eintlike ding! Savtek het die EERC met Engen se borgskap ingestel primêr om jong mense vir die organisasie te werf. Die prysgeld is baie gaaf, maar dis eintlik net ’n bysaak.

Ons was bevoorreg om vanjaar vyf sulke jeugdige EERC-deelnemers by die skou op Villiersdorp te verwelkom. Elkeen van hulle het ’n baie sinvolle bydrae gemaak

Foto 1: Francois v. Rooyen, Gustav v/d Westhuizen, Stefan Theron, Le Roux du Toit en Bernard Badenhorst staan agter drie voorste EERC-administrateurs — Christo Pieterse (Savtek en EERC-grootbaas), Andy Selfe (beoordelaar) en Denis Usher (wat tot dusver die werkboeke van al die deelnemers aan drie kompetisies beoordeel het).

Francois het die Enjin van die Skou ingeskryf (**bladsy 3**), Gustav (die vorige algehele EERC-wenner toe hy nog ’n Hoëvelder was) het met ’n uiters raar Sweedse Beijer gloeikopenjin (**foto 2**) die skou gekomplementeer. Stefan Theron het met sy Engelse Turner Diesel [2.1 liter, driesilinder, tweeslagenjin] (**foto 4**) baie besoekers geïnteresseer. Le Roux en sy pa het ’n klaswenner International ingeskryf (**bladsy 3**) terwyl Bernard gewys het waaraan hy werk (**foto 3**).

Gustav werk deesdae op Franschhoek as professionele enjinrestoureerder. Hy het by ons klub aangesluit, iets waaroor ons baie bly is.

Op die volgende bladsy lees ons van nog meer goeie EERC-nuus.

ENGEN ENGEN ENGEN

‘n OUPA SE DROOM

Oupa Dürr Bezuidenhout (Wes-Kaapse klublid van Yzerfontein) het ’n opregte liefde vir veteraan trekkers en masjiene, en ook vir sy twee kleinseuns, Ruben en Vincent Oosthuizen, wat voor hom groot word.

Vir Oupa Dürr se hande staan niks verkeerd nie en hy is op sy gelukkigste as hy ou goed weer nuut kan maak. Een van sy “herskeppings” is ‘n Gutbrod trekkertjie waarvan jy die nuutheid aan hom kan ruik. Hy begin dink toe aan die moontlikheid om sy kleinseuns, wat as’t ware met kolwe, rakette en balle gebore is, by sý voorliefde te betrek, en dit het sy droom geword dat Ruben en Vincent die Gutbrod uitmekaar moet kan haal en weer monteer. En in ‘n rekordtyd.

Kleinspan het ingewillig op voorwaarde dat hul boesemvriend, Dewald, ook betrek word. Hy is groot en sterk en hulle het spierkrag nodig gehad. Wat hulle óók nodig gehad het, was kennis van Oupa se gereedskap en hoe om dit te gebruik — hulle het nie eens geweet na watter kant vas- en losgedraai word nie...

Die oupa se geduld en entoesiasme het die mannetjies stelselmatig laat vlamvat. Hulle het stadig begin, maar uiteindelik kon die spannetjie hul uitmekaar haal en monteer in minute meet. Dürr besef toe hulle kon die skou komplementeer.

Op Villiersdorp het die seuns toe aan ’n waarderende klomp toeskouers hul nuut verworwe vaardighede ten toon gestel. Binne 40 minute is die Gutbrod uit mekaar gehaal en weer gemonteer. By die prysuitdeling is die kinders beloon met die trofee vir die mees besondere inskrywing in die jeugafdeling.

Vir ’n liefdevolle, omgee-oupa was dit nie maar net om ’n droom te verwesenlik nie. Dit het oor die seuns gegaan by wie hy lewensvaardighede kon vaslê en waagmoed en selfvertroue aanwakker. Hulle moet glo hulle kán, en dan moet hulle deur beplanning en met volharding ’n ding aanpak en afhandel.

Nou vir die vraag: Het Oupa in sy doel geslaag? Hy het!
Die seuns is selfs net ná die skou vir EERC-2023 ingeskryf met ’n enjin wat Francois van Rooyen vir daardie doel vir hulle gegee het.



Oefen onder Oupa se toesig op Yzerfontein.



Presteer op Villiersdorp

“I never dream about success. I work for it.”

SELFBINDER BESKIKBAAR

vir die persoon wat dit wil restoureer en onderdak kan bewaar.

Die McCormick-Deering masjien – in ’n baie goeie toestand – staan op die plaas naby Worcester waar dit 60 jaar gelede in ’n werkende toestand in ’n stoor weggebêre is. Dis ’n skenking aan die volgende bewaarder wat dit net self moet gaan haal.

Praat met James Williams: 083 409 8682

Mostert’s Mill is looking good now with the thatch roof complete with sprinklers set in the cement capping. We will be hard pressed to meet the deadline we set ourselves, to be back in business by April next year, just two years after the fire.

Inside, the beams and floors must still be reinstated and stairs made and fitted. We have secured and paid for a set of used Millstones in Holland out of money raised by crowd-funding. On the machinery side, the big job (it is big!) is the wind-shaft. At 400mm square and 6.5m long, it’s a heavy piece of wood! A section where it rotates in the neck bearing had to be turned round and the two mortises had to be made, through which the sails will pass. Also, 14 metal strips must be laid into the round surface for the neck bearing. The wooden sail-bars are being made at the moment, out of Iroko wood, for the lattice-work over which the sail-cloths will be spread. The sail-cloths will also be made by specialists in Holland.

Andy Selfe



ADMINISTRASIE

Voorsitter: Johannes Uys. 082 552 5491; johannes@mme.co.za
O-voorsitter: Eniel Viljoen; 082 562 2658; dvevdorp@gmail.com**
**** By die volgende komiteevergadering behoort die voorsitter van Suid-Kaap as die ondervoorsitter aanvaar te word.**
Sekretaris: Kobus Kuyler; 082 334 5665; kkuyler@pnp.co.za
Tesourier: Janice Rheeder; 083 441 9257;
weskaapveteraanklub@gmail.com
Nuusbrief: Hennie Richter; 022 451 2692; sekr.wk@telkomsa.net

VERSOEK: Dis soms ’n gesukkel om klubnuus te kry vir die nuusbrief. Klubvoorsitters moet seker maak dat geskikte foto’s en inligting betyds aangestuur word sodat alle klublede van mekaar se leertsame aktiwiteite kan weet.

Wes-Kaap se JAARPROGRAM

SEPTEMBER

Suid-Kaap: 24 [Erfenisdag] - Jaarlikse pretrit

Swartland: 24 [Erfenisdag} – Jaarlikse Toeloe-dag

Ceres/KBV: 24 [Erfenisdag] – Oornag-trekkerrit

OKTOBER

7/8 Oktober - SAVTEK se nasionale skou

W.P.: (datum??) - betrokke by die Killarney Motor Show

Swartland: (datum??) – betrokke by Landbouskou op Malmesbury

NOVEMBER

Ceres/KBV: 12 Nov - Oesdag

Bredasdorp: (datum??) - Betrokke by Elim wynfees

GEDRUKTE NUUSBRIEF VERDWYN

Die gedrukte September-nuusbrief is die laaste wat sal verskyn. Dit is ’n teken van die tyd, naamlik dat die drukkoste en posgeld net so vining styg soos wat die poskantoor se diens agteruitgaan. Van Januarie 2023 af sal alle lede ’n nuusbrief in PDF-formaat d.m.v. die internet ontvang, of sommige lede sommer per telefoon. Hang af hoe kundig lede al is.

Die besluit wat tydens die jaarvergadering op Villiersdorp aangekondig is, het dus min betrekking op julle wat reeds die nuusbrief in hierdie formaat ontvang, behalwe dat ’n vriend of familiedlid jou dalk kan vra om hom of haar so ’n bietjie by te staan om sy brief te kan lees.

Om hierdie brief te druk, of by ’n vriend/familielid te laat druk, gaan nie niks kos nie. Of by Postnet of iets soortgelyks, gaan dit sommer baie kos. Maar lede moet mekaar asseblief maar help.

ADMINISTRASIE

Voorsitter: Johannes Uys. 082 552 5491; johannes@mme.co.za
O-voorsitter: Eniel Viljoen; 082 562 2658; dvevdorp@gmail.com
Sekretaris: Kobus Kuyler; 082 334 5665; kkuyler@pnp.co.za
Tesourier: Janice Rheeder; 083 441 9257; weskaapveteraanklub@gmail.com
Nuusbrief: Hennie Richter; 022 451 2692; sekr.wk@telkomsa.net

DIE NUUSBRIEF IS ’n KLUBNUUSBRIEF;
NIE ’n GEWONE TYDSKRIF NIE

Klubbesture, én lede wat nuus het, word versoek om nuus van byeenkomste na sekr.wk@telkomsa.net aan te stuur vir plasing in die nuusbrief. Veral prestasies met restourering of versamelings wat uitgebrei word, is belangrik. En enigiets wat ander lede sal interesseer, behoort bekendgemaak te word. Geskikte videotjies is natuurlik ook welkom.

BONUSBLADSY (Die bladsy moet tog ’n naampie hê…)

(Volgende keer word die skakels by die beriggie geplaas soos tevore.)

==========



https://youtu.be/guyQJXcFn24

Vintage agricultural show
(ons is op die regte spoor)

==========



https://youtu.be/85IabS4pvMQ

https://youtu.be/flg0g7gZrWw

Oor die Beijer gloeikopenjins.

==========



https://www.youtube.com/watch?v=3QawuOD1328

Andy se videotjie oor die groot enjins op die skou.

==========



https://youtu.be/wXikNBTN2VY

’n Soortgelyke trekkertjie as Marius Krige se Bolens op die skou.

==========



https://youtu.be/uStF18_Qe88

Videotjie: seuns haal Gutbrod uitmekaar en monteer weer.